# SARS HELP PERSONE MET GEHOORGESTREMDHEDE

**PRETORIA, Maandag 2 September 2019** - Ter viering van Dowe bewusmakingsmaand (September) sal die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) met verskeie organisasies en munisipaliteite, wat persone met gehoorgestremdhede in Suid-Afrika steun, saamwerk om hulle met hul belastingsake te help by bepaalde SARS-takke landwyd.

Die inisiatief behels die aanbieding van 'n eenmalige belastingopleidingwerkswinkel en die beskikbaarstelling van Suid-Afrikaanse Gebaretaaltolke by die bepaalde SARS-takke op elke Vrydag van September.

Die inisiatief is deurslaggewend vir Gebaretaalgebruikers wat daagliks uitdagings deur gebrek aan toegang tot basiese dienste in die gesig staar. Die doelwit is ook in lyn met SARS se belastingseisoendoelwit - om belastingpligtiges, insluitend persone met gehoor- en gesiggestremdhede, na digitale platforms oor te skakel.

Die publiek word versoek om die boodskap aan alle persone met gehoorgestremdhede in hulle onderskeie gemeenskappe oor te dra. Dienste sal ook beskikbaar wees aan ander lede van die publiek wat hulp nodig het met oorskakeling na eFiling en die SARS-MobiApp.

SARS is toegewyd daartoe om opleiding te verskaf om belastingnakoming te verbeter en om toegang tot dienste te verbeter vir belastingpligtiges met gehoor- en gesiggestremdhede.

Vir 'n volledige program, klik hier.